Isabel Wolf, Lloyd Gillespie, John Gillespie (eienaar van Jongensdal) en Lloyd se pa, Dennis Gillespie, 'n neef van John.

Riding for horses

LOUISE MOUTON

Jongensfontein

Lloyd Gillespie en Isabel Wolf is tans besig met 'n uitsonderlike perderit deur Suid-Afrika om bewustheid te skep rondom perdesiekte (African horse sickness) asook om fondse in te samel vir navorsing, voorkoming en behandeling van dié siekte.

Die span het die naweek besoek afgelê by John en Yda Gillespie se plaas, Jongensdal naby Jongensfontein. Met aankoms by die Gillespies het die span reeds by die 6000km per perd afgelê.

Perdesiekte het 'n ernstige effek op die perde industrie in Suid-Afrika. Die perderit het afgeskop in Durban in Julie 2009. "Riding for Horses" handel nie daaroor om enige rekords op te stel nie, maar om bewustheid te fokus op perdesiekte. Daarom ook dat daar geen definitiewe afsluitingsdatum is vir die perderit nie.

Sodoende is daar ook minder druk op die span asook die perde. Die perde voorspel die spoed waarteen gery word en word daar, waar moontlik, so naby moontlik gery aan die grense van die Suid-Afrikaanse kuslyn. Die span het in Julie vanaf Durban vertrek en noord tot in Mosambiek gery, om Swaziland, deur Mpumalanga tot in Limpopo voordat hulle wes langs die Limpopo tot al die pad na Alexander baai aan die Wes-kus gery. Hiervandaan het hulle suid gedraai, en 5500km later, aangekom in Kaapstad, voordat hulle die laaste skof van hul reis aangepak het.

Meer oor perdesiekte:

Perdesiekte het geen behandeling nie en is 'n dodelike siekte vir perde, donkies en zebra's. Dit word veroorsaak deur 'n virus van die "*genus orbivirus*" wat aan die "*Reoviridae*" familie behoort. Ahoewel perdesiekte nie direk oordraagbaar is nie word dit versprei deur insekte. Beheer in 'n uitbreek van perdesiekte sluit in kwarantyn, insekbeheer en vaksinasie. Geaffekteerde perde word gewoonlik van kant gemaak.

Vir meer informasie oor Riding for horses en perdesiekte, besoek gerus www.ridingforhorses.co.za